

**21 Januarie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 16**

**Fokusgedeelte: Levitikus 16:1-10 (OAV)**

**Versoening deur voldoening loop uit op heiligmaking**

Die HERE onse God is die Bron van Lewe – Hy is die Fontein van Lewende Waters. Jou verhouding met Hom is uiters belangrik vir jou hele bestaan. Maar hoe kan onheilige mense in gemeenskap met 'n heilige God lewe? Die antwoord lê daarin dat daar eers vir die probleem van sonde 'n oplossing gekry moet word.

In hoofstuk 16 kom ons by die kern van die evangelie volgens Levitikus: die oomblik van waarheid breek aan! Nie alleen die waarheid van ons groot val en sonde nie, maar ook die heerlike waarheid dat God die sonde wil versoen. Op die groot Versoendag, een maal per jaar, word Israel geroep om te vas en te rou oor hulle sondes en ongeregthede teenoor die Here en hulle naaste.

Die hoëpriester en sy gesin was ook sondige mense, daarom moes daar eers vir hulle geoffer word. En in die hele priesterschap was daar niemand só sondeloos dat hy vir homself – laat staan nog vir iemand anders – versoening teweeg kon bring nie! Hierdie offers was ook nie heeltemal voldoende nie. Jaar na jaar moes dit herhaal word.

Ons Here Jesus Christus het egter die enigste werklike groot Versoendag op Golgota volbring. Hy was en is alles; Hy is ons enigste Hoëpriester, ons volkome Offer en ons Versoener. Deur die offer van Jesus Christus aan die kruis is al ons skuld vir eens en vir altyd betaal. Ons is nou met God versoen. Hy gee aan ons selfs die voorreg om sy kinders te wees.

As sy kinders is ons nie net volkome in sy Vaderhand nie, maar moet ons ook volkome toegewy aan die Here lewe. Met ons hele lewe, met alles wat ons het of dink of doen moet ons die Here verheerlik as lewende en heilige dankoffers. In Jesus Christus is ons hele lewe uit God, deur God en tot God die Here gerig.

As jy leef in die vreugde van God se versoening deur Christus se voldoening, sal jy ook onder die leiding van die Heilige Gees heilig wil lewe.

Sing: Psalm 119:39 (1936)

Ds SA Cilliers (Waterberg)